

18 Februarie

Skrifgedeelte: Rigters 16:23–31 (NAV)

Fokusgedeelte: Rigters 16:28

Simson se laaste roep tot God

Van hoofstuk 15 na hoofstuk 16 verander baie dinge. Simson het nou nie meer die oorhand oor die Filistyne nie, maar is nou hulle gevangene nadat Delila hom mislei het. Hulle het sy oë uitgesteek en hom in die tronk in Gasa 'n meul laat draai. Op 'n dag het al die leiers van die Filistyne bymekaar gekom om 'n offer aan hulle god Dagon te bring en om fees te vier. Tydens hierdie fees het hulle Simson laat haal om met hom te spot en hulle oorwinning oor hulle groot vyand te vier.

Dan, in vers 28, roep Simson vir die laaste keer tot God, en hierdie keer roep hy nie dat God sy lewe moet red nie, maar dat God hom krag sal gee om hom vir die laaste maal te wreek teen die Filistyne en dat hy saam met hulle moet sterf. Simson het God leer ken deur die jare en geweet dat God getrou bly te midde van sy ongehoorsaamheid. Daarom vra hy van die Here hierdie laaste krag en genade. Hy het op die harde manier geleer dat hy sonder God se krag eintlik niks is nie, en daarom die versoek dat God hom vir oulaas weer iets sal maak wat sy doel op aarde kan vervul. Daardie doel is om die volk van die mag van die Filistyne te verlos, en watter beter geleentheid as hierdie waar al die leiers van die Filistyne onder een dak bymekaar is. God gee dan aan Simson die krag om die twee pilare om te trek, en so maak Simson op een dag meer Filistyne dood as gedurende sy hele lewe.

Ons situasie in Suid Afrika het die afgelope jare baie verander, en so het ons almal opnuut besef dat ons as mens eintlik sonder God niks is, ons kan aan so baie dinge niks verander nie. Ons omstandighede dwing ons terug na God waar ons daagliks roep dat God ons sal bystaan in ons land, by ons werke, ons kinders by die skole en ook by ons kerke. God gebruik ons omstandighede om ons swakheid te beklemtoon en ons so te leer om op Hom alleen te vertrou. God alleen kan aan ons die krag en genade gee om in ons omstandighede te oorleef.

Ons het ook teenoor die sonde magteloos gestaan, en dit sou ons einde beteken, maar deur Jesus Christus beklemtoon God sy almag en liefde teenoor sy kinders. Hierdie is juis ons versekering dat God ons nooit in Suid Afrika in die steek sal laat nie, maar alleen die oplossing vir al ons probleme en beproewings is.

Sing: Psalm 91:1, 8 (1936)

Ds AN du Plessis (Postmasburg)